Waterkruik

JAARGANG 56 NO 23 9 Junie AD 2019

KOLLEKTE BY DIE DEURE

Vandag: **Deputate Jeugsorg**

Doel: Ondersteuning vir die werksaamhede van die Deputate Jeugsorg

Volgende Sondag:

GKSA Sustentasiefonds

Doel: Om kerke wat nie finansieel onafhanklik kan bestaan nie by te staan sodat die Woordverkondiging steeds daar kan voortgaan en om nuwe voorposgemeentes te stig waar die Woordverkondiging dringend noodsaaklik is.

DIENSBEURTE

Vandag: Wyke 3 & 4

Ouderlinge: Willie Enslin
Gerhardt Koekemoer

Diaken: Braam Smith

Volgende Sondag: Wyke 5 & 6

Ouderlinge: Daniël du Plessis
Kobie van Wyk

Diaken: Yoané Penning

TEESKINKBEURTE

Dankie aan die susters van wyk 17 wat vanoggend tee en koffie bedien o.l.v. Carene v d Merwe.

As gevolg van die skoolvakansie sal daar vir die volgende paar Sondae tee en koffie in die saal beskikbaar wees.

KATKISASIE SLUIT

Die katkisasie sluit vandag tot 14 Julie met die oog op die skoolvakansie.

BYBELSTUDIE SLUIT

Die Bybelstudiegroepe sluit Donderdag tot 18 Julie.

Program vir die week

Maandag

Donderdag

Bybelstudiegroepe

08:30 Groep 1: In die Konsistorie
09:30 Groep by Nasarethhuis
10:15 Groep 2: In die Konsistorie
18:30 Groep 3 by die Pastorie
19:30 Kerkjeugaksie vir jongmense tot ongeveer 30 jaar: in die Pastorie.

Groepe 1, 2 en 3 doen voorbereiding vir die komende Sondag se preek.

VERJAARSDAE

Ons wens die volgende broeders, susters en kinders van harte geluk met hulle verjaarsdae. Ons bede is dat die nuwe lewensjaar vir julle en julle geliefdes vreugde en ryke seën sal inhou.

"Mag barmhartigheid, vrede en liefde in oorvloed aan julle geskenk word." Judas: 2

Br. Corrie Skinner het die afgelope Maandag, 3 Junie, sy 85ste verjaardag gevier. Hartlik geluk. Mag die Here u ryklik seën in die nuwe lewensjaar.

Gister 8 Junie
Ané Scheepers (15) 082 894 9595

Vandag:
Br. Wihan Oosthuizen 066 238 3524

Maandag 10 Junie
Br. Coen Labuschagne 082 490 4111

Donderdag 13 Junie
Br. Theo le Roux 083 258 0936

Vrydag 14 Mei
Br. Willie Enslin 082 966 9447
Br. Okkie van der Schyff 083 443 6200

Saterdag 15 Mei
Sr. Hedwig Coetzee 072 570 7326
Sr. Anoet du Plessis 082 801 2221
Cobie-Marie Erasmus 082 564 5580

Br. Coen Labuschagne vier more sy 82ste verjaardag. Hartlik geluk. Mag u elke dag die Here se liefdevolle genade ervaar.

MEELEWING

Sr. Julihanna le Roux sterk tuis aan nadat sy in die hospitaal was met longprobleme. Ons bid dat jy gou weer sterk sal wees. 082 854 4219

Ons is saam met br. *Jac sr. Thea van der Walt* dankbaar dat Thea se heupvervangingsoperasie goed afgeloop het. Ons bid jou volkome beterskap toe. 083 327 6769

Sr. Marie Vos het Donderdag 'n operasie aan haar nek ondergaan en sterk aan in die Pretoria Oos Hospitaal. Ons bid jou spoedige herstel toe. 076 089 0277

Br Willie Coetzer het 2 van sy ribbes gebreek in 'n motorongeluk. Ons bid jou sterkte toe. 083 504 3842

Sr. Alida Steenekamp word nou versorg in die Featherwood Aftree-oord. Sy is steeds baie swak. Ons bid haar en Roelf krag en sterkte toe vir elke dag. 083 303 9693

Ons vra u voorbidding vir die Here se seën op die chemobehandeling wat *sr. Emmie van der Schyff* van Dinsdag af weer moet ondergaan. Ons dink ook aan *br. Okkie* wat al so lank versorg word na 'n beroerte 'n paar jaar gelede. Mag die Here julle elke dag in sy genade aansien. 083 443 6200

Die Here is goed vir wie op Hom bly hoop, vir die mens wat na sy wil vra, dit is goed om geduldig te wag op die hulp van die Here;
Klaagliedere 3: 25 - 26

HARTLIK GELUK

Inneke Josling het " Springbokkleure" verwerf. Sy is gekies as lid van die Suid-Afrikaanse senior vroue gimnastiekspan. Sy neem Augustus deel aan die Afrikaspele wat in Marokko plaasvind.

Ons is so dankbaar saam met Inneke en haar ouers dat 13 jaar se harde werk en hoogtepunte en BAIE trane die moeite werd was en vrugte afgewerp het. Ons wens jou alles van die beste toe met jou gimnastiek.

ATTESTATE

Hartlik welkom aan *sr. Letchen du Plessis* wat van Die Bult gemeente terug is by ons. 079 030 8780

Sr. Aida Anderson het van Boksburg by ons aangesluit. Sy woon al 'n geruime tyd ons eredienste by en voel al soos 'n bekende. Hartlik welkom.
083 289 4391

Br. Hein Wichman en sr. Ansie word in die gemeenskap van die Gereformeerde Kerk Waterkloofrand opgeneem. Ons heet julle hartlik welkom in die Waterkloofrandfamilie.
072 605 8675

BEVESTIGING

Ons wens *sr Susan Tredoux* geluk met haar bevestiging as diaken vanaand. Ons bid jou die Here se seën toe op die werk wat jy vir sy Koningkryk gaan doen.

BEROEPENUUS
BEROEPE ONTVANG

Br. Juan Mienie het 'n beroep na Zeerust ontvang.

Dit is nie wat jy doen of hoeveel jy doen wat tel nie. Wat saak maak, is hoeveel liefde jy insit in wat jy doen.

Moeder Teresa

VOORLOPIGE DATUMS VANAF DIE EVANGELISASIE KOMMISSIE

Die Evangelisasiekommissie het Woensdagaand vergader en 'n paar aksies word beplan vir die res van die jaar. Ons gee graag die **voorlopige** datums deur. Meer besonderhede sal later volg:

Datum moet nog vasgestel word – Dissipelskapkursus
21 Julie – Praatjie deur Anton Smit van Helpende Hand oor "Gee Reg"
18 Augustus – Praatjie en uitstalling deur John de Kock oor "Sending Sonder Grense".

ALLERLEI

Die Gereformeerde Kerk Meyerspark bied op **Saterdag 3 Augustus** ons jaarlikse sosatiefees aan. Dis n heerlike feestelike dag, ons het stalletjies en groot pret, maar die hoogtepunt van die dag is ons sosatiebraai. Die ete is absoluut heerlik.
U kan ook sosaties bestel - koop genoeg want die somer lê voor en dan is dit braai seisoen. U kan bestellings plaas op hierdie vorm: https://forms.gle/sBtYfujuagtWBXmRA. Alternatiewelik kan u die aangehegte vorm invul en weer terug epos – adres verskyn op die vorm. Selfs al kan u nie op die betrokke dag kom saam kuier nie, is u steeds welkom om sosaties te bestel en reël om dit af te haal.

AFRI-DUETFEES

Ds Cassie Aucamp skryf :

Hierdie jaar gaan 'n besondere Afri-Duetfees wees. Ons het daarin geslaag om al vier die manne van ROMANZ saam te kry, elkeen met 'n hand-uitgesoekte duetmaat:

- Louis Loock saam met Corlea Botha;
- Burgerd Botha saam met Loriska Bubb;
- André Venter met Almarie du Preez, en
- Adam Barnard met Natasha Joubert.

Dit word aangebied op Vrydag 18 Oktober om 19:00 en Saterdag 19 Oktober om 14:00, in die Chose Life Ouditorium, voorheen die gebou van die NG Kerk Moreletapark, in Rubensteinstraat.

Ek het twee versoeke:
Dat u, as u hierdie uitsoekgeleentheid wil bywoon, 'n e-pos stuur na duetfees@gmail.com; of skakel, SMS of WhatsApp Ds. Cassie by 082-377 1112. Dat u hierdie e-pos met die skakel sal aanstuur na lidmate of vriende op u e-poslys.



"Christus lei sy kerk, Hy is die Herder, Hy stap voor soos die herder van ouds, ons volg Hom. Nie een van die beloftes wat Hy gee, sal onvervuld bly nie, Hy voer alles uit – daarom verlang ons na die vervulling van die belofte van die wederkoms". Ds. PA Coetzee (Peet) (Emeritus)

FUNKSIONARISSE VAN DIE GEMEENTE EN ANDER INLIGTING

PREDIKANT
Dr. Douw Breed
Duikerlaan 52
MONUMENTPARK
012 460 0700

SKRIBA
Eddie Trollip
083 230 4245

ATTESSKRIBA
Tinus Erasmus
012 807 5213
082 410 2252

OUDL SKRIBA
Corrie Skinner
082 494 0309

VOORSITTER DIAK.
Loutjie Coetzee
083 457 8489

ORRELIS
Ansie Wichmann
072 605 8675

e-pos kerk:nwgkw@telkomsa.net

webwerf:
www.gkwaterkloofrand.org.za
Daar is skakels wat u neem na oudio- en videouitsendings van eredienste wat onlangs op die internet uitgesaai is.

SONDAGKOSTER:
Hein Wichmann 072 605 8675

WEEKKOSTER:
Nienke vd Walt: 083 398 9080

KANTOOR: Nienke vd Walt
083 398 9080/ 012 998 0912

KANTOORURE:
Donderdag en Vrydag: 9 – 12vm.
U kan egter enige tyd die kantoor skakel en jou oproep sal beantwoord word.

BANKBESONDERHEDE
Kerk:
ABSA : Gereformeerde Kerk Waterkloofrand
Rek no. 000 340 685

Diakens:
ABSA: Diakonie Spaar
Rek. No. 9139785681

PARKERING
Veilige parkering is ook beskikbaar tydens oggenderedienste op die terrein van die Laerskool Anton van Wouw, h/v Lange- en Deystraat.(die terrein word gesluit gehou tydens die diens)

PREEKVERDUIDELIKINGS
Tydens oggenddienste word die preek van die oggend vir die kindertjies vanaf 4 jaar tot die in graad 4 deur 'n suster of susters in die saal verduidelik. Dit vind net plaas as dr Douw preek en ook nie gedurende vakansies en langnaweke nie. Dit word slegs tydens die preek en onder toesig van die beurtsouderling gedoen.

FOTO'S van die gemeente se lidmate kan besigtig word op die kennisgewingbord op die stoep van die kerkgebou.